## 19.17 RAPPORT 9 – DEPUTATE JEUGSORG – KRUISPAD (Art 156)

## 19.17 REPORT 9 – DEPUTIES YOUTH – KRUISPAD (Art 156)

A. Prof AJ Coetsee stel die Rapport.
Prof AJ Coetsee tables the Report.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report will be concluded during the Synod session.

C. **RAPPORT / REPORT**

| | |
|---|---|
| **1. Opdrag** | **1. Mandate** |
| 1.1 Acta 2015:272, 3.1-3.2. | 1.1 Acta 2015:272, 3.1-3.2. |
| 1.2 Dat die opdrag om ten minste 4 uitgawes per jaar van *Kruispad*-tydskrif uit te gee, gekontinueer word. | 1.2 The instruction to at least publish 4 issues each year of *Kruispad* is to continue. |
| 1.3 Dat die moontlikheid van die digitale beskikbaarheid van *Kruispad*-tydskrif steeds op die agenda van die redaksie bly. | 1.3 The possibility of the digital publication of *Kruispad* is to remain on the agenda of the editorial staff. |
| **Besluit: Punte 1.1 tot 1.3 kennis geneem.** | **Decision: Points 1.1 to 1.3 noted.** |
| **2. Sake waarvan die Sinode kennis neem** | **2. Matters that the Synod take note of** |
| 2.1 Die Redakteur van die tydskrif is sr K Bain. | 2.1 The Editor of the magazine is Si K Bain. |
| 2.2 Vir die termyn 2015-2018 sal daar 12 uitgawes verskyn het. | 2.2 The term 2015-2018 will see 12 issues published. |
| 2.3 *Kruispad*-tydskrif in harde kopie: | 2.3 *Kruispad* in hardcopy: |
| 2.3.1 Daar is 626 intekenare wat die harde kopie van die tydskrif ontvang. Alhoewel daar enkele gemeentes was wat hul intekening verminder of gestaak het, het die individuele intekenaars vermeerder. | 2.3.1 There are at present 626 hardcopy subscribers. Although a few congregations reduced or terminated their subscription, the number of individual subscribers increased. |
| 2.4 *Kruispad*-tydskrif digitale weergawe | 2.4 *Kruispad* digital edition |
| 2.4.1 Intekenare op die elektroniese weergawe het verhoog na 26. Dit word in pdf-formaat per e-pos versprei. Alle gratis kopieë vir medewerkers en skrywers word per e-pos gestuur om kostes te bespaar. | 2.4.1 Subscribers to the electronic edition have increased to 26. It is distributed in pdf format per e-mail. All complimentary copies to co-workers and writers are e-mailed to save on cost. |
| 2.4.2 Hierdie getalle bewys dat intekenare steeds die harde kopie verkies. | 2.4.2 These figures reflect that subscribers still prefer the hardcopy. |
| 2.4.3 Ná 'n studie van verskeie metodes van verspreiding van die digitale tydskrif is besluit om dit per e-pos te versprei. Intekenare kan die tydskrif dan in enige e-leser aflaai. | 2.4.3 Upon investigating the various methods of distributing the digital magazine, it was decided on e-mail. Subscribers are then able to download the magazine in any e-reader. |
| 2.5 Artikels en ander leesstof word wyer versprei as net die intekening. | 2.5 Articles and other reading material are distributed beyond subscription. |
| 2.5.1 <u>Webblad</u> | 2.5.1 <u>Website</u> |
| 2.5.1.1 Die *Kruispad*-webblad is verbeter tot 'n platform waar slegs artikels gratis | 2.5.1.1 The *Kruispad* website has been improved to a platform where only |

| | |
|---|---|
| gelees en afgelaai kan word (http://www.kruispad.net/). | articles can be read and download free of charge (http://www.kruispad.net/). |
| 2.5.1.2 *Kruispad*-tydskrif se nuwe webblad is in September 2015 bekendgestel. | 2.5.1.2 *Kruispad's* new website was introduced in September 2015. |
| 2.5.1.3 Die nuwe webblad met meer artikels toon 'n verdubbeling in maandelikse en unieke besoeke. | 2.5.1.3 The new website, featuring a greater number of articles, has seen the doubling of monthly and individual visits. |
| 2.5.1.4 Van Julie 2016 tot Junie 2017 het 'n gemiddeld van 1 800 mense per maand die webblad besoek. In 2016 is 'n gemiddeld van 23 455 bladsye per maand gelees. | 2.5.1.4 The website received on average 1 800 visits per month from July 2016 to June 2017. An average of 23 455 pages were read per month during 2016. |
| 2.5.1.5 Nuwe artikels word elke twee weke op die webblad geplaas. | 2.5.1.5 New articles are placed on the website every two weeks. |
| 2.5.1.6 Persone lees ongeveer 12 artikels per besoek. Verskeie predikante help om die evangelie op só 'n wyse te versprei. | 2.5.1.6 Approximately 12 articles are read per visit and a number of ministers spread the gospel this way. |
| 2.5.2 <u>Nuusbrief</u> | 2.5.2 <u>Newsletter</u> |
| 2.5.2.1 'n Nuusbrief is begin wat maandeliks verskyn. Ons het tans 431 persone op die poslys. Die nuusbrief fokus op artikels en nuus wat spesifiek verband hou met die tydskrif. Omdat besoekers op die webblad op die nuusbrief kan inteken, bereik hierdie nuusbrief mense buite ons kerk-verband. | 2.5.2.1 A newsletter was started and appears monthly. There are 431 people on the mailing list. The newsletter focuses on articles and news specifically related to the magazine. Since visitors to the website can subscribe to the newsletter, it also reaches outside the denomination. |
| 2.5.3 <u>Sosiale media</u> | 2.5.3 <u>Social media</u> |
| 2.5.3.1 Die interaksie en plasings op sosiale media en veral Facebook is uitgebrei. Op die *Kruispad*-Facebookblad word gefokus op teksverse wat grafies uitgelê word. Die grootste interaksie was 23 627 keer wat 'n teksvers met 'n artikel gedeel is op Facebook. Die gemid-delde betrokkenheid is 1 000 mense per plasing. Plasings word drie keer per week gedoen. | 2.5.3.1 The interaction and uploads on social media and especially Facebook has been increased. The Facebook site of *Kruispad* focuses on Bible verses that are graphically set out. The greatest interaction event was the 23 627 times a Bible verse was shared with an article on Facebook. The average participation is 1 000 people per upload. Uploads are done three times per week. |
| 2.6 Intekening kan nou direk op die webblad gedoen word. Sage Pay is die platform wat daarvoor gebruik word. Dit is 'n diens teen 'n minimale fooi. | 2.6 People can now subscribe on the website, by means of Sage Pay as platform. It is a service with a minimal fee. |
| 2.7 *Finansies* | 2.7 *Finances* |
| 2.7.1 Kruispad het uitstaande rekeninge ten bedrae van R33 942.61, waarvan R23 168 kerke is. Die agterstallige skuld is hoog en geniet jaarliks aandag. | 2.7.1 Kruispad has outstanding accounts in the amount of R33 942.61, of which R23 168 are churches. This out-standing debt is high and is addressed annually. |
| 2.7.2 Die skuld wat van 2013 vertoon is misleidend: Baie van dié fakture is foutiewelik uitgereik en moes nooit as | 2.7.2 The debt reflected for 2013 is misleading. Many invoices were erroneously issued and should never |

| | |
|---|---|
| inkomste aangewys word nie. | have reflected as income. |
| 2.7.3 Besparingsmoontlikhede word jaarliks ondersoek. 'n Nuwe kostebesparing is om die tydskrif vanaf die Administratiewe Buro te versprei en te pos. | 2.7.3 Ways to save are investigated every year, of which one is distributing and e-mailing the magazine from the Administrative Bureau. |
| 2.7.4 Die Deputate het mooi maatstawwe in plek geplaas wat tot gevolg het dat die skuld van Kruispad die afgelope drie jaar drasties verminder is. | 2.7.4 The Deputies put effective measures in place that saw a drastic reduction in Kruispad's debt the past three years. |
| 2.8 Ons is dankbaar teenoor die Here dat *Kruispad*-tydskrif in 2017 sy tienjarige bestaan gevier het. Dié geleentheid is 12 Mei 2017 gevier deur voormalige en huidige medewerkers te nooi vir 'n funksie. | 2.8 We thank the Lord that we could celebrate *Kruispad's* tenth anniversary in 2017. This milestone was celebrated on 12 May 2017, to which former and current co-workers were invited. |
| 2.9 Predikante se ondersteuning van Kruispad word gevra dmv intekening op die tydskrif en die aanstuur van stof wat verwerk kan word tot artikels. | 2.9 Ministers' support of Kruispad is requested in the form of subscription to the magazine and providing material for reworking into articles. |
| **Besluit: Punte 2.1 tot 2.9 kennis geneem.** | **Decision: Points 2.1 to 2.9 noted.** |
| **3. Sake waaroor die Sinode besluit** | **3. Matters that the Synod decide on** |
| 3.1 Die *Kruispad*-tydskrif gaan voort met ten minste vier uitgawes per jaar. | 3.1 It is recommended that *Kruispad* continue to publish at least four issues per annum. |
| **Besluit: Goedgekeur.** | **Decision: Approved.** |